

# LUGPASSASIEBELASTING

## Wat is dit?

Die minister van finansies het in 2000 aangekondig dat 'n lugpassasiersbelasting (APT) ingestel sal word op vorderbare passasiers op 'n vorderbare vliegtuig wat vanaf 'n lughawe in die Republiek vertrek na 'n bestemming buite die Republiek. Dit is ook van toepassing op huurmaatskappye. Vir meer inligting, verwys na artikel 47(B) van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964.

## Vir wie is dit?

Die belasting is nie van toepassing op binnelandse vlugte nie. Dit is slegs van toepassing op vorderbare passasiers wat die land op 'n internasionale vlug verlaat. Operateurs (lugdienste), geregistreerde agente (wat namens operateurs optree) of huurmaatskappye sal aanspreeklik wees om die APT aan SARS op 'n maandelikse basis oor te betaal, na rekonsiliasie van die passasiersmanifeste. Vraglugrederye sal vereis wees om vir APT-doeleindes te registreer, maar sal nie vir APT-betalings aanspreeklik wees nie.

## Hoe om te registreer?

Alle operateurs (lugrederye), behoorlik aangestelde agente en huurmaatskappye moet vir hierdie belasting registreer, wat slegs by die Doeane en Aksyns-tak by die OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) gedoen kan word.

Elke operateur of huurmaatskappy moet 'n APT102 voltooi en, indien 'n operateur vereis is om 'n agent aan te stel, moet die APT101 ook voltooi word en die volgende dokumente aangeheg word:

- Kopie van maatskappy se registrasiedokumente (uitgereik deur die Registrateur van Maatskappye en Beslote Korporasies);
- Kopie van bedryfsertifikaat (uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Siviele Lugvaartowerheid);
- Bewys van bankbesonderhede (brief van die bank wat besonderhede bevestig, of 'n gekanselleerde tjek); en
- Enige ander dokumente/inligting wat deur die Kommissaris vereis mag word.

Wanneer die bogenoemde ontvang is, sal dit op die APT-stelsel vasgelê word en 'n APT-kode sal aan die operateur, wat vir die registrasie aansoek gedoen het, uitgereik word.

## Wanneer en hoe moet dit betaal word?

'n Operateur, behoorlik aangestelde agent of huurmaatskappy is daarvoor verantwoordelik om, binne 21 dae na die einde van die maand waarin die bedrag ingevorder is, die geld aan SARS oor te betaal.

Indien nie reeds op SARS eFiling vir ander belastings geregistreer nie, word dit van die operateur, behoorlik aangestelde agent of huurmaatskappy vereis om vir eFiling te registreer en van die diens gebruik te maak wanneer betalings gemaak word. Ander betalingsmetodes, soos internetbankdienste of betaling by 'n tak van 'n goedgekeurde bank, mag slegs in uitsonderlike omstandighede van gebruik gemaak word.

Algemene navrae ten opsigte van APT kan aan [airtax@sars.gov.za](mailto:airtax@sars.gov.za) gerig word of aan Fili James by ORTIA by 011 571 5011 of by [fjames@sars.gov.za](mailto:fjames@sars.gov.za)